Heilbronners gradueer

VERLOOFDES ONTVANG GRAAD: *Marike Meyer, aspirant prokureur in Heilbron, ontvang hierdie week haar BCom Regte LLB Honneurs graad aan die Universiteit van die Vrystaat. Simon Germishuys seun van Johan en Mari Germishuys behaal sy BSc Agric Honneurs in Argonomie aan die Universiteit van die Vrystaat.*

Alicia Venter dogter van wyle Barry en Irma Venter het haar graad in Farmasie behaal aan die Noordwes-Universiteit. Gradeplegtigheid was die 12de Maart 2018. Foto erkenning: Vilecia Swart Photography

René Labuschagné dogter van Chris en Carien Labuschagné het haar graad in BSc Aktuariële Wetenskap verwerf aan die Noordwes-Universiteit. Gradeplegtigheid was die 20ste Maart 2018. Sy is tans besig met haar Honneurs. Foto erkenning: Tian du Preez

Sluit toer op 'n hoogtepunt af

Die eerste rugbyspan van die Hoërskool Heilbron het hulle rugbytoer na Parys op 'n hoogtepunt afgesluit deur die tuisspan met 22 – 19 te klop. Hoërskool Heilbron het die eerste twee wedstryde van die toer naelskraap verloor teen Burgersdorp en Wessel Maree. Met die standaard wat Hoërskool Heilbron op die toer gestel het, is daar hoë verwagtinge vir die Valke-liga wat op 10 Mei begin.

Die o/13 rugbyspan het 'n toer gedurende die vakansie na Nyati sportskool 28- 31 Maart 2018 bygewoon. Die seuns kry afrigting by Sias Wagner, oud Blou Bul speler. Hulle speel hul eerste wedstryd teen Laerskool Trichart en verloor net-net met 'n telling van 22-26. Die volgende wedstryd het die span bietjie pakslae gekry teen Laerskool Cullinan. Teen die laaste wedstryd het hulle goed gevaar en gewen 24 -34 teen Curro Secunda.

Clarisa Booysen dogter van Pieter en Antoinette Booysen het haar Honneurs Baccalaureus Scientia in Statistiek met onderskeiding behaal aan die Noordwes-Universiteit. Gradeplegtigheid was die 20ste Maart 2018.
Foto erkenning: Elsabe Keogh (Meraki Photography)



Johané Keogh dogter van John en Rita Keogh het haar graad in BA Menslike bewegingskunde en psigologie (2017) en Nagraadse onderwys sertifikaat (2018) behaal aan die Noordwes-Universiteit.
Foto erkenning: Elsabe Keogh (Meraki Photography)